# CVO SKOOL BRANDWAG

**ARTIKEL 51 HANDLEIDING VIR CVO SKOOL BRANDWAG SOOS VEREIS DEUR DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING: WET 2 VAN 2000, SOOS GEWYSIG**

**Agtergrond:**
Die Hoofbesigheid van CVO Skool Brandwag is die koördinering van onderrig-, kultuur- en sportaktiwiteite van leerlinge van kleuter tot Gr. 12 en verdere opleiding en verbetering van onderwyspersoneelvaardighede.

CVO Skool Brandwag strewe na verbetering van onderrigstandaarde deur kwaliteitbeheer en verbetering. CVO Skool Brandwag volg 'n verrykte kurrikulum gebaseer op sterk Christelike waardes en norme.

CVO Skool Brandwag plaas klem op die gehalte van die opvoeding wat aangebied word, sodat matrikulante die volwasse lewe ingaan as stabiele, gebalanseerde jong volwassenes met 'n Christelik-volkseie lewens- en wêreldbeskouing en waardestelsel. Jong volwassenes wat by ons skole matrikuleer, sal toegerus wees met kennis en vaardighede om selfstandig en ondernemend te dink en op te tree, ook gereed om leiding te neem op die verskillende lewensterreine, elkeen volgens sy eie roeping, vermoë, persoonlikheid en belangstellings.

Ons bly gerig op die optimale ontwikkeling van die kind se toekomspotensiaal, met die ingesteldheid van voortdurende verbetering en uitbouing. Die skole moedig aktiewe-, gesonde-, kritiese- en ondersoekende denke aan.

**INDEKS**


1. **Kontakbesonderhede**
2. **Artikel 10 gids van hoe om die wet te gebruik Art 51(1)(b)**
3. **Art 51 (1)(c)**
4. **Rekords beskikbaar in terme van enige ander Wetgewing Art 51(1)(d)**
5. **Inligting / Dokumente gehou deur CVO Skool Brandwag in terme van die Wet Art 51(1)(e)**
6. **Ander Inligting (Artikel 51(1)(f) van die Wet)**
7. **Beskikbaarheid van die Handleiding**


**1. Kontakbesonderhede (Art. 51 (1)(a))**

| | |
|---|---|
| Naam van die liggaam: | CVO Skool Brandwag |
| Registrasienommer: | 250068 |
| Skoolhoof: | Mev. Lina van Vuuren |
| Sekretarsse: | Mev. Elsa Kasselman |
| Fisiese Adres: | Plot 32<br>Helderblom<br>Krugersdorp |
| Posadres: | Posbus 21310<br>Helderkruin<br>1733 |
| Telefoonnommers: | 011 952 2272 |
| Faksnommer: | 011 952 2270 |
| Eposadres: | kantoor@cvobrandwag.co.za |
| Webtuiste: | www.cvobrandwag.co.za |

## 2. Artikel 10 Gids van hoe om die Wet te gebruik en Art 51(1)(b)

In terme van die bepalings van Artikel 10 van die Wet sal 'n gids deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie saamgestel word met inligting wat verlang mag word deur 'n persoon wat 'n reg wil uitoefen soos beoog in die Wet. Die gids sal beskikbaar gemaak word deur die SAMK in al die amptelike tale en is verkrygbaar by die SAMK. Beskikbaar op Internet http://www.sahrc.org.za of alternatiewelik skakel MRK Advieslyn by 086-012-0120

## 3. Art 51(1)(c)

Op hierdie stadium is geen kennisgewings gepubliseer nie.

## 4. Art 51(1)(d)

Rekords word gehou in ooreenstemming met wetgewing soos van toepassing vir Skole soos ingesluit maar nie beperk, tot die volgende nie:

Die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996
Maatskappywet 71 van 2008
Werkloosheidsversekeringswet, No. 63 van 2001
Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes, No. 130 van 1993
Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, No. 85 van 1993
Wet op Arbeidsverhoudinge, No. 66 van 1995
Wet op Basiese Diensvoorwaardes, No. 75 van 1997
Inkomstebelastingwet, No. 58 van 1962
Wet op Kopiereg, No. 98 van 1978
Wet op Vaardigheidsontwikkeling, No. 97 van 1998
Wet op Streeksdiensterade, No. 109 van 1985
Wet op die Heffing van Vaardigheidsontwikkleing, No. 9 van 1999
Elektroniese Kommunikasie en Transaksiewet, No 25 van 2002
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, No 2 van 2000

## 5. Art 51(1)(e)

5.1 Rekords wat versoek kan word:

i) Operasionele Rekords
Werknemerskontrakte
Naam Registrasie
Ooreenkomste met Verskaffers
Databasis van Lede
Jaarlikse Geouditeerde Finansiële Verslae
Notules van alle Ledevergaderings, Direksievergaderings en enige Subkomitee Vergaderings
Beleidsdokumente
Fooie
Lisensies

ii) Kommunikasie
Korrespondensie tussen CVO Skool Brandwag en interne en eksterne persone.

iii) Webtuiste

5.2 Die Navraagprosedures

Aanvra van Vorm

- Die navraag moet op die voorgeskrewe vorm versoek word. Dit moet gerig word aan die Maatskappysekretaresse, na CVO Skool Brandwag se adres of faksnommer of e-posadres.
- Die navraag moet genoeg besonderhede verskaf om die navraer en die aangevraagde materiaal te kan identifiseer.
- Die navraer moet die rede vir die versoek gee.
- Indien die navraag vir 'n ander persoon gedoen word moet dit bekend gemaak word in watter hoedanigheid die navraer die navraag doen.

**6. Art 51(1)(f)**

Fooie in verband met die aanvraag van Inligting

**7. Beskikbaarheid van die Handleiding**
**(Artikel 51(3) van die Wet)**

i) Die Handleiding is gratis beskikbaar vir inspeksie by die kantore van CVO Skool Brandwag.

ii) Afskrifte van die Handleiding kan verkry word by die kantoor van CVO Skool Brandwag, onderhewig aan betaling van die voorgeskrewe fooi.

iii) Toegang tot die Handleiding kan bekom word op die webblad van die SAMK (www.sahrc.org.za) en sal gepubliseer word in die staatskoerant.

iv) Die handleiding wat bekombaar is op die webblad van die SAMK en in die Staatskoerant bevat nie die voorgeskrewe vorms en fooiestrukture nie. Die vorms en fooiestruktuur kan verkry word op die webblad van die SAMK (www.sahrc.org.za) of die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling (www.doj.gov.za) (onder "regulations").